Horison Sorgsentrum

Kollekte en Kersfeespakkies

04 Desember 2018

Rietvallei het weereens besluit om die kollekte gelde wat ons gedurende die jaar se kampe in, te oorhandig aan die sorgsentrum. Maar buiten die bydrae is die kinders en personeel by Horison Sorgsentrum vir oulaas die jaar bederf met ‘n feestafel van eetgoed. Vir die kinders is weereens lekkergoed pakkies opgemaak. Die personeel het ook elkeen ‘n geskenkpakkie gekry. Daar is ook heelwat sakke tweedehandse klere oorhandig.

Die kinders was baie opgewonde oor die “PARTY” want daar was weer kaaskrulle op die tafel en in hul geskenkpakkie. Dit is werklik so kosbaar om daardie vreugde op hulle gesiggies te sien. Moenie die personeel se gesiggies miskyk nie!

Die aangehegte fotobeelde is “selfsprekend” van ons lekker kuier-oggend.

Dankie aan almal wat dit moontlik maak om die spesiale oggend te kon laat gebeur.

Rietvallei Streek wens die personeel, elke kosbare kind by Horison Sorgsentrum en die lede van Rietvallei ‘n baie Geseënde Kersfees toe!

Groete

Tjaart Klaasen

Foto's: Magda Britz